



Musiek vir Ons Kleintjies

Ontwikkel Jou Kind se

- ♪ intellektuele vaardighede
- ♪ emosionele vaardighede
- ♪ sosiale vaardighede
- ♪ motoriese vaardighede
- ♪ luistervermoë
- ♪ konsentrasievermoë
- ♪ en bevorder 'n positiewe selfbeeld

www.samusicsschool.co.za

© 2000 Kopiereg Voorbehou deur
Die Suid-Afrikaanse Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool

Die SA Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool bied terapeutiese musiek-en-bewegingsprogramme - **Musiek vir Ons Kleintjies** – vir kinders vanaf 1 tot 6 jaar aan. Die ervaring wat Anna Coetzee (B.Mus., U.O.L.M.) en Dr. Lydia Dreyer (Sielkundige) sedert 1977 opgedoen het, het daartoe aanleiding gegee dat hierdie musiekskool gestig is met die spesifieke doel om die Suid-Afrikaanse kind en sy/haar leefwêreld aan te spreek. Hierdie is die eerste program van sy soort met 'n Suid-Afrikaanse inslag.

Die program behels dat doelgerigte musiekaktiwiteite by kinders 'n musiekwaarderingsvermoë en 'n liefde vir musiek kweek. Hulle word intellektueel, emosioneel, sosiaal en motories gevorm. Luister- en konsentrasievaardighede word ontwikkel. Dit dra by tot die bevordering van 'n positiewe selfbeeld by die kind.

Die program is gebaseer op die aanname dat alle kinders musikaal is en, indien korrek aangewend, dat musiek 'n kind se algehele ontwikkeling kan stimuleer. Die spesifieke ontwikkelingsstadium van die kind, asook die moeilikheidsgraad van die take wat deur hom/haar bemeester moet word, word deurlopend in ag geneem. Die kind kry die geleentheid om alle fasette van musiek te ontdek en terselfdertyd optimaal as individu te ontwikkel.

Die program is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dit bestaan uit twee modules wat oor vier skoolkwartale strek. 'n Gespesialiseerde musiekkurrikulum word gevolg. Elke module bestaan uit lesse met unieke temas. Grafiese illustrasies en klankmateriaal op CD's word deurgaans gebruik. Leerlinge word aan 'n verskeidenheid natuurlike klanke in en om die huis blootgestel. 'n Verskeidenheid van stylperiodes soos Barokstyl, Klassieke, Romantiese en Moderne styl, asook Volksmusiek en Jazz word beluister.

Lesse sluit die volgende in:

- ♪ Bespreek opvoedkundige inligting en luister na 'n storie wat inskakel met die tema van die dag.
- ♪ Die aanleer van 'n liedjie of versie wat oor die tema handel.
- ♪ Klank- of musiekbeluistering wat betrekking het op die tema van die dag.
- ♪ Opvoedkundige inligting oor die nuwe musikale konsep.
- ♪ Deelname aan 'n bewegingsaktiwiteit of die aanleer van 'n dansie.
- ♪ 'n Musiekspel: 'n storie wat gedramatiseer word.
- ♪ Orkesspel met instrumente asook die gebruik van partiture.
- ♪ Tekenaktiwiteite en die inkleur van prente in 'n werksboek.